FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

UITGAWE 342 · 31 MEI 2024

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

FRAMESBY-NETBAL KOOK BY METRO TOPSKOLE

o.14

Brandwag	14-8 Wen
Despatch	22-7 Wen
Pearson	14-8 Wen

Algehele wenners

o.15

Brandwag	13-10 Wen
Despatch	16-15 Wen
Pearson	21-8 Wen

Algehele wenners

o.16

Brandwag	29-4 Wen
Despatch	16-8 Wen
DF Malherbe	19-6 Wen
Pearson	14-19 Verloor

Naas wenners

o.17

Pearson	15-5 Wen

Algehele wenners

o.19

Brandwag	30-18 Wen
Despatch	19-21 Verloor
Pearson	26-22 Wen
Collegiate	31-22 Wen
Woodridge	42-15 Wen
DF Malherbe	52-12 Wen

Algehele wenners

FRAMESBY-RUGBY VAAR PUIK TEEN MARLOW

O.14A 5-36 Verloor
O.14B 17-10 Wen

O.15A 10-10 Gelykop
O.15B 22-8 Wen

O.16A 15-10 Wen
O.16B 21-7 Wen

O.19D 43-0 Wen
O.19C 30-11 Wen
O.19B 15-3 Wen
O.19A 52-12 Wen

SAMEVATTING

FRAMESBY 8 WEN
MARLOW 1 WEN
FRAMESBY/MARLOW 1 GELYKOP

HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR:
SUNRIDGE VILLAGE

Sportdag
25 MEI 2024

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

Hokkie UITSLAE
vs KINGSWOOD

	vs	
1ste Dogters	Kingswood	Verloor 0-2
2de Dogters	Kingswood	Gelyk 2-2
16a Dogters	Kingswood	Verloor 0-3
16b Dogters	Kingswood	Verloor 0-4
14a Dogters	Kingswood	Verloor 0-1
1ste Seuns	Kingswood	Verloor 0-3

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek lig die volgende belangrike punte uit:

A) TOERISME PAT GRADE 10 EN 11 - VERPLIGTEND
Onderstaande sessies is VERPLIGTEND vir alle Toerisme-leerders. Die PAT TAKE is departementeel en word onder eksamenomstandighede in die SAAL afgelê. Leerders moet betyds voor die skool aanmeld.

Maandag	10 Junie	Graad 10	DAG 1	07:30 – 12:30
Dinsdag	11 Junie	Graad 10	DAG 2	07:30 - 12:30
		Graad 11	DAG 1	07:30 - 12:30
Woensdag	12 Junie	Graad 11	DAG 2	07:30 - 12:30

B) MEI/JUNIE-EKSAMEN – ALGEMENE REËLINGS
Neem kennis dat die algemene reëlings van die eksamen in Nuusbrief nommer 14 voorkom. Die eksamen eindig op Maandag, 10 Junie 2024.

C) AFWESIGHEID IN MEI/JUNIE-EKSAMEN
Ouers, daar kan géén uitsonderings vir énige leerder rakende die eksamen gemaak word nie. Leerders skryf op die dae en datums soos op die eksamenrooster aangedui. Ons kan nie die integriteit van die eksamen in gedrang bring nie.
Ek bring dit net weer onder u aandag: indien 'n leerder tydens die skryf van die eksamen afwesig is, moet 'n mediese sertifikaat/kliniekbrief ingedien word. Indien dit nie gebeur nie, ontvang 'n leerder 0 vir die betrokke vak. Afsprake vir leerling- en/of lisensie kan nie in die eksamen plaasvind nie.

D) NORMALE SKOOLDAE
Normale skool vanaf 11 – 13 Junie 2024. Alle leerders moet teenwoordig wees, want hierdeur leer ons ons leerders dis nie hoe jy begin nie maar hoe jy klaarmaak.

E) KWARTAALPROGRAM
Aangeheg die tweede kwartaal se kwartaalprogram.

F) FAKKELFLITS
Ek moedig u aan om die Fakkelflits deeglik te bestudeer. Hier hou ons u op hoogte van alle gebeure en prestasies. Dit is op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

G) VAKKEUSES GRAAD 9-LEERDERS
Dié leerders gaan na aanleiding van hul Junie-eksamen vakke vir graad 10 moet kies. Dit bly dus belangrik dat u as ouers hul verder sal ondersteun deur gedurende die Junie-vakansie al te begin met aanlegtoetse – veral waar leerders onseker is wat hul toekomstige beroep gaan wees. Daar sal ook 'n oueraand in die loop van kwartaal 3 wees. Hou die kwartaalbeplanning dop.

H)STEMulator
Hierdie is 'n E-leerplatvorm wat bekendgestel is, en vrylik op die internet beskikbaar is, wat leiding gee oor studierigtings en beroepe. Dit is 'n virtuele wêreld vol geanimeerde inhoud van kloppende harte tot kragtige straalenjins rondom studierigting en beroepe. Elke Graad-9 leerder behoort hierdie E-leerplatvorm te besoek om inligting te vind oor beskikbare beroepe, studierigtings en watter vakke benodig word.

I)KUBERBOELIE-WEBINAAR #NASIONALEKINDERBESKERMINGSWEEK
AfriForum en Solidariteit Helpende Hand bied saam met die SOS tydens #NasionaleKinderbeskermingsweek 'n kuberboelie-webinaar aan waar onderwysers en ouers meer kan leer oor die gevare van kuberboeliery, sosiale media, gevaarlike toeps en kinderpornografie.

Kom en vind ook uit oor hoe die Wet jou as onderwyser beskerm en leer vaardighede aan oor hoe hierdie gedrag hokgeslaan kan word en hoe jy met leerders kan kommunikeer sou hulle hulself skuldig maak aan hierdie tipe gedrag.
Moet nie hierdie kans misloop nie.
Registreer vandag.
Wanneer: 6 Junie 2024
Tyd: 15:00 - 16:30
Plek: Aanlyn (Microsoft Teams)
Koste: Gratis

J) VERANDERING VAN BANK
Neem kennis dat die beheerliggaam besluit het dat HS Framesby van bank verander. Die rekening by Eerste Nasionale Bank sal vir 'n interim tydperk van twee maande oop wees. Ons moedig ouers aan om so gou as moontlik oor te skakel en van ons nuwe

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

bank gebruik te maak. Ons nuwe bankbesonderhede is as volg:

K) VERANDERINGS MET BETREKKING TOT WINTERSKOOL 2024 [GRAAD 11/GRAAD 12]
Ouers, neem kennis dat daar veranderinge met betrekking tot die winterskool-program is. Maak seker dat u die veranderings in u dagboek plaas. Word aangebied vir alle graad 11 en 12-leerders in die kernvakke, en is verpligtend vir hierdie leerders in die betrokke vakke. Dit is gratis en geskied gedurende die Junie-vakansie.

Tydgleuwe op hierdie dae waarin onderrig sal plaasvind is:
08:00 - 10:00
10:30 - 12:30
13:30 - 15:30

Die datums is as volg:

	Dinsdag 18 Junie 2024 GRAAD 12 LEWENS-WETENSKAPPE GRAAD 11 REKENINGKUNDE	**Woensdag 19 Junie 2024** GRAAD 12 WISKUNDE /WISKUNDIGE GELETTERDHEID	**Donderdag 20 Junie 2024** GRAAD 12 WISKUNDE /WISKUNDIGE GELETTERDHEID	**Vrydag 21 Junie 2024** GRAAD 12 REKENINGKUNDE GRAAD 11 WISKUNDE	**Saterdag 22 Junie 2024** GRAAD 12 REKENINGKUNDE
Maandag 24 Junie 2024 GRAAD 12 LANDBOUWETENSKAP	**Dinsdag 25 Junie 2024** GRAAD 12 LANDBOUWETENSKAP			**Vrydag 28 Junie 2024** GRAAD 11 FISIESE WETENSKAPPE	
Maandag 1 Julie 2024 GRAAD 11 FISIESE WETENSKAPPE	**Dinsdag 2 Julie 2024** GRAAD 12 FISIESE WETENSKAPPE	**Woensdag 3 Julie 2024** GRAAD 12 FISIESE WETENSKAPPE			

Ek dank u vir u volgehoue ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms van Hoërskool Framesby is blou en goud! Kom ons werk almal saam om dit so te hou.

MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF

MUURBAL

Geluk aan Nathan Hall (OP-o/14A; ontvang ook 'n beker vir die kampioen in sy ouderdomsgroep) en Dewan Wessels (OP - o/19A) wat aan die 2024 Interprovinsiale Muurbaltoernooi deelneem.

ATKV-DEBATKOMPETISIE

Jani van Heerden, Minette van Zyl en Jemima Oosthuizen het Saterdag aan die semi-finaal in die ATKV-debatkompetisie in die Kaap deelgeneem. Hulle het hul goed van hul taak gekwyt en Framesby se naam hoog gehou. Ons is trots op julle!

BUITESPORT

Ons ruiters het die skool verteenwoordig by die Western Mounted Games Qualifiers op 5 en 19 Mei.
Die ruiters het as volg presteer:
5 Mei 2024
Mia Harmse Graad 11
2 x 1ste plekke Vlak 0
Kiara Hough Graad 10
2 x 1ste plekke Vlak 1
2 x 2de plekke Vlak3
Kristi Ferreira Graad 8
3de en 6de plek Vlak0
Chanel Haasbroek Graad 8
2de en 5de plek Vlak 0

19 Mei 2024
Mia Harmse Graad 11
2 x 1ste plekke Vlak 0
Kiara Hough Graad 10
2 x 1ste plekke Vlak 1
2 x 3de plekke Vlak 3
Kristi Ferreira Graad 8
2 x 2de plekke Vlak 0
Chanel Haasbroek Graad 8
4de en 7de plek Vlak 1

Ons is baie trots op hierdie leerders.

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

OUDSKOLIERE NUUS

Baie geluk aan oudskolier Nolene Spinks wat in die top-30 groep vir Mej Suid-Afrika ingesluit is. Gaan stem asb. vir Nolene. Skakel: www.misssa.co.za



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Hoërskool Framesby se
TOERISME VAKSPAN

C. DE WITT

- Vakhoof
- M.A. Toerismebestuur
- 20 jaar ondervinding
- 8 jaar NSS Merker

D. BOTHA

- HPO Diploma
- H L/W Diploma
- IWWOUS (2 jaar) Stellenbosch
- VOD (2 jaar) Stellenbosch
- 54 jaar ondervinding

74 jaar ondervinding

FRAMESBY OUDSKOLIERE

ONS GESELS MET: ANDRE JANSEN



Ek was deel van die eerste inname in 1966. Dit was n beskeie begin met 14 onderwysers en 120 leerlinge. Framesby was van 1966 tot 1973 ‘n dubbelmedium skool. Die skoolgronde was ’n vlakte vol bosse. Ek onthou nog hoe ons as leerlinge in ons LO-periodes bosse moes uittrek. Ons moes ons sport by laerskool Verkenner se velde beoefen. Ek was lid van die eerste matriekklas in 1970, en ook van in 1967 tot 1970 lid van die eerste leerlingraad. Ek het verskeie boekpryse en trofeë by die jaarlikse prysuitdelings ontvang. Ek was in 1968 rugbyspeler van die jaar.

Ek was die eerste OP-junior Paalspringer van die skool, en in 1970 die silwermedaljewenner in die 0/17 Paalspring by die S.A Junior kampioenskappe. Ek het aan die Universiteit van Port Elizabeth studeer en ‘n die B.SC graad (1974); H.O.D (1973) en M.E.D (1988) behaal. As paalspringafrigter lewer ek verskeie S.A kampioene op.

Ek voltooi die Comrades-marathon van Pietermaritzberg na Durban in 1989, en die Twee Oseane marathon 10 jaar agtereenvolgens(1986-1995).

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

FRAMESBY
OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- ✓ NAAM EN VAN :
- ✓ NOOIENSVAN:
- ✓ ID-NOMMER:
- ○ JAARTAL GEMATRIKULEER:
- ○ ADRES:
- ○ PROVINSIE:
- ○ BEROEP:
- ○ TELEFOON:
- SELFOONNOMMER:
- E-POSADRES:

U inligting bly hoogs vertroulik.
Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

KLUB 1000/100

WORD DEEL VAN 'N HOËRSKOOL VAN UITNEMENDHEID

Sluit aan by Framesby se Klub 1000/100 en word deel van 'n skool van uitnemendheid. Na vele navrae van ons alumni is die konsep van dié Klub gebore. Klub 1000/100 gee almal die kans om steeds betrokke te wees by die skool en die blink toekoms daarvan te verseker. Dit maak nie saak of jy nog in Suid-Afrika of oorkant die waters bevind nie. Jy kan 'n bydrae maak!

'n Maandelikse bydrae van R100 kan in die Framesby Opvoedkundige trust gedeponeer word. Hierdie trust word aangewend vir die welstand en vooruitgang van die skool. Die fondse sal deur die Trust bestuur word. Die aanwending van die befondsing sal bepaal word deur die skool en die Trust se komitee. Daar sal elke jaar 'n finansiële verslag deurgegee en geoudit word. Die proses is dus deursugtig en lede kan sien hoe hul skenkings aangewend word.

PROSES OM BY DIE KLUB 1000/100 BETROKKE TE RAAK
1) Laai aansoekvorm van Hoërskool Framesby se webtuiste af.
2) E-pos voltooide vorm na fos@framesby.co.za
3) U naam sal weekliks in die Fakkel-Flitse onder Klub 1000/100 lede verskyn.
4) Hou ons groeiende barometer dop. Dit sal op die voorblad van die Fakkel-Flitse verskyn.

Dankie aan oudleerders, ouers, onderwysers en passievolle ondersteuners vir u bydrae.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

ADVERTEER BY FRAMESBY

Adverteer jou besigheid.
Ons almal kan doen met ‘n goeie reklame.

Hoërskool Framesby bied verskillende advertensiespasie vir jou besigheid om meer voete te waarborg. Maak gebruik van hierdie unieke en effektiewe geleentheid om jou besigheid, produk of diens te bemark.

Hoërskool Framesby se 2024-wedstryde sal oorheersend tuis plaasvind dus sal u maatskappy baie blootstelling kry.

Dit sal vir Hoërskool Framesby ‘n voorreg wees indien u maatskappy met die topskool in die Oos-Kaap wil assosieer.

Raak deel van ons Framesby-advertensiefamilie.
Kontak Hoërskool Framesby vandag!

Yolandi Fourie
Trustbeampte
fos@framesby.co.za
041 360 1257

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

KLUB 1000/100 *lede*

Oudskolier

Mornay Heunis
Chris Knoetze *(matriek 1988)*
Rinaldo Loftie-Eaton *(matriek 2000)*
Keagan Tait
Ernst Stapelberg *(matriek 2013)*
Pienaar Agenbag *(matriek 1988)*
Bernard McDonald *(matriek 2016)*
Jacqueline van Heerden *(matriek 1997)*
Louis Gerber *(matriek 1996)*
Rudi Gerber *(matriek 1986)*
Anelle Bailey *(matriek 1994)*
Ryno Lingerfelder *(matriek 1999)*
Juanita Jacobs *(matriek 2012)*
Tania Crouse *(matriek 1995)*
Johathan Gardiner *(matriek 2000)*
Morne Barnard *(matriek 1991)*
Gerhard Meiring *(matriek 1998)*
Konrad de Villiers *(matriek 2006)*
Henry Claassen

Ouers, Oudouers / Beheerliggaam

Mariaan Botha (ouer)
Karl du Preez (oudouer)
Anél Ferreira (ouer)
Niel Louw (ouer)
Petra Gouws (ouer)
Wynand Wessels (ouer)
Sonia Gunn (ouer)
Werner Edwin Olivier (ouer)
Masunet Strydom (ouer)
Dirk Kotze (ouer)
Lynette Stumke (ouer)
Hugo Maritz (ouer)
Pietie Ferreira (ouer)
Rayno vd Merwe (ouer)
Eugene de Lange (oudouer)
Henry Benn (ouer)
Yolande Gouws
Johan le Grange (ouer)
Yolandi Fourie (ouer)
Andrè Grundling (ouer)
Zanelda Grundling (ouer)

Personeel / Oudpersoneel

Marius Germishuys *(skoolhoof)*
Annel Germishuys *(personeel)*

Vorms op ons webtuiste beskikbaar!

FRAMESBY-OPVOEDKUNDIGE TRUST

KLUB 1000/100 *barometer*



SKOOLKOUSE

R80

DIE HANGER

DIE VOLGENDE ITEMS MOET BY DIE HANGER AFGEHAAL WORD:

NAAMBALKIES

KYLE BARKER
CAITLYN BIGGE
JOHN BIGGE
CHARLES BLIGNAUT
MILAN BOSCH
ETHAN BAIN
JUANE BOTHA
SONICA BESTER
TRISTAN BROWN
LUKA BESSINGER
AUSTIN BENECKE
ETHAN COUTTS
VANE CILLIERS
JUANE DEYSEL
KATELYN DE RIDDER
LEANE DU PREEZ
TAINE DOUW
NATHAN DEYSEL
ESMARI DU PLESSIS
STEPHAN DOLPHIN
ANDRECIA FOUCHE
ESTIAN FOUCHE
REUBEN FOURIE
JANCO FABER
NATHAN HARDING
MIANE HURTER
CAITLYN HARDING
JOSHUA LATHAM
ANIEKE LIEBENBERG
JORDAN KAPP
NICAELA KICHENBRAND
SASKIA KLEINHANS
JOSHUA KRUGER
ZAC JOHNSTONE
TIFFANY MAARMAN
KYLE PIETERSE
KAYLEIGH PIETERS
KYLE ROUSSEAW
BRENDAN SHAUN ROODT
DANIKA MARAIS
HANNAH MOMBERG
TASHKE MOORE
ROHANN MOSTERT
LANGE SMAILE
LOWELLE DA SERRA
LIAN STRYDOM

RISTO STRYDOM
JAMIEL SWARTS
ANJA VORSTER
KARLIEN VERWEY
MEGAN TERBLANCHE
MALCOLM THOMSON
SIMONE TOBIAS
HUGO STRUWIG
JAYDEN SMIT
JAMIEL SWARTS
JACO-LOUW STANDER
DANIEL STOFBERG
TIAAN SCHNETLER
MARYKE STIGLINGH
LEONARDO VAN NIEKERK
TRISTEN VAN WYK
RUBEN VAN DER MERWE
YUANE VD WALT
NIKITA VILJOEN
TANYA VERSTER
OWEN WESSEL

Vir enige navrae:

Charnelle
charnelle@diehanger.co.za
082 342 8113

Katrien
072 407 0670

DIE HANGER

DIE VOLGENDE ITEMS MOET BY DIE HANGER AFGEHAAL WORD:

PUMA SWEETPAK BAADJIE

ARMAND DU TOIT
JAYDEEN TEE
ANIKA MULLER
VIAAN VAN ROOYEN
MILES FELTHOM

LANGMOU OPWARMINGSHEMP

LOGAN VAN WYK

HANDBOEKE

SHANRE FOUCHE - GRAAD 8
YUANE VAN DER WALT - GRAAD 9
EWAN MARAIS - GRAAD 12
TWANE MARX - GRAAD 12

Die Hanger sal ook die volgende tye (ekstra) tydens die eksamen oop wees:

Saterdag - 25 Mei 09:00-12:00
Woensdag 29 Mei09:00-12:00

Alle Graad 8's van 2025 is welkom om 'n draai te maak!

Vir enige navrae:

Charnelle
charnelle@diehanger.co.za
082 342 8113

Katrien
072 407 0670

framesby
Winterbal
Koop jou kaartjie nou!
Plek : Die Kosblik en kultuursaal
Datum : Donderdag,
13 Junie 2024
Tyd : 18:00 – 21:30
Drag : Formeel
Prys : R150
Hoofgereg en
nagereg ingesluit
Kaartjies beskikbaar:
MATRIEKS : 13 Mei tot 17 Mei
Gr11 : 20 Mei tot 24 Mei
Gr10 : 27 Mei tot 31 Mei
Daarna is dit beskikbaar vir juniors
SLEGS 200 BESKIKBAAR

SKENK EN MAAK 'N VERSKIL

DIE VOLGENDE IS NET 'N RIGLYN, ENIGIEMAND KAN ENIGE VAN HIERDIE ITEMS BRING

TWEEDEHANDS EN/OF NUUT

- Graad 8 : Roll-on deodorant, legwarmers, kniekombersies
- Graad 9 : Pakke Marshmallows, 4-60 stuk legkaarte, melksjokolade Wonderbars
- Graad 10 : Waslappies, toiletpapier, kamme en borsels
- Graad 11 : Aqueous Cream, tandepasta, koekie-seep
- Graad 12 : Mussies, serpe, handskoene, kouse

Maak 'n verskil deur van hierdie items te skenk vir bejaardes in versorging met Dimentia en Alzheimers!

GEE IN BY K11

Kom ons helder hul lewens op!

JUNIE 2024

SONDAG	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SATERDAG
WINTERSKOOLTYE: **08:00 – 10:00: TYDGLEUF 1** **10:30 – 12:30: TYDGLEUF 2** **13:30 – 15:30: TYDGLEUF 3**						1 **Netbal:** Prov oefenkamp **SUMMIT-**Stellenbosch
2 **SUMMIT**-Stellenbosch	3 DH: LOF **Eksamen Gr. 8-12** **BL Vergadering:** 18:00 GTT Vergadering 18:30 Sport en Kultuur Vergadering 19:00 FK Vergadering (Raadsaal)	4 **Eksamen Gr. 8-12** **BL Vergadering:** 18:00 Vergadering	5 **Eksamen Gr. 8-12**	6 **Eksamen Gr. 8-12** **Netbal:** Oos-Kaap Kampioenskappe 0/14 & 0/15 Queenstown (vertrek 13:00) PA: (SML, NET, JVB)	7 **Eksamen eindig Gr. 8-11** **Netbal:** Oos-Kaap Kampioenskappe 0/14 & 0/15 Queenstown Wedstryde (Keer terug na afloop van laaste wedstryd) 0/16, 0/17 & 0/18 Queenstown (vertrek 13:00)	8 **Netbal:** Oos-Kaap Kampioenskappe 0/16, 0/17 & 0/18 Queenstown Wedstryde (Keer terug na afloop van die laaste wedstryd) **Landloop**: ASA Liga 1 (Vista Kampus)
9 **Netbal:** Oos-Kaap Kampioenskappe 0/14,0/16,0/17 & 0/18	10 Dag 7 DH: SCJ **Eksamen eindig Gr. 8 - 12** **Toerisme:** PAT Gr. 10 Dag 1 **CSV:** 18:30 Koffiekroeg (Kultuursaal)	11 Dag 1 **Toerisme:** PAT Gr. 10 Dag 2 PAT Gr. 11 Dag 1	12 Dag 2 10:00 Punte ingevoer op SASAMS 15:00 Druk en kontrole van All-lyste 18:00 Druk van dwarsstate – GH Wisk klasse Gr. 11 18:00 – 20:00 **Toerisme:** PAT Gr. 11 Dag 2	13 **WINTERBAL** Fotodag 1 Druk van Finale rapporte Akademiese merietepunte na voogde **Landloop**: George Toer	14 **Skole sluit** Uitdeel van rapporte 07:00 – 08:30 (Skoolsaal) Algemene kantoor en personeel sluit 13:00 **Landloop:** George Toer **Gholf:** Cape Schools (Plettenbergbaai/Knysna)	15 **Landloop:** George Toer **Landloop:** ASA Liga 2 (Stedin College) **Netbal**: Provinsiale Oefenkamp **Gholf:** Cape Schools (Plettenbergbaai/Knysna)

16 **Jeugdag** **Landloop:** George Toer **Gholf:** Cape Schools (Plettenbergbaai/Knysna) **Landsdiens:** Prov Kamp (Somerset-Wes)	17 **Publieke Vakansiedag** **Netball:** All Ages **Gholf:** Cape Schools (Plettenbergbaai/Knysna) **Landsdiens:** Prov Kamp (Somerset-Wes)	18 **Winterskool:** Gr. 12 LW Gr. 11 REK **Netball:** All Ages **Landsdiens:** Prov Kamp (Somerset-Wes)	19 **Winterskool:** Gr. 12 WISK/WISK G **Netball:** All Ages **Landsdiens:** Prov Kamp (Somerset-Wes)	20 **Winterskool:** Gr. 12 WISK/WISK G **Netball:** All Ages **Landsdiens:** Prov Kamp (Somerset-Wes)	21 **Winterskool:** Gr. 12 REK Gr. 11 WISK **Landsdiens:** Prov Kamp (Somerset-Wes)	22 **Winterskool:** Gr. 12 REK **Netbal:** Oefenkamp Wintergames 0/14 Oefenkamp TNC 0/17 & 0/18 **Landloop:** ASA Liga 3 (Varsvlei) **Landsdiens:** Prov Kamp (Somerset-Wes)
23 **Netbal:** TNC 0/17 & 0/18 Pretoria	24 **Winterskool:** Gr. 12 Landbouwetenskap **Netbal:** TNC 0/17 & 0/18 Pretoria	25 **Winterskool:** Gr. 12 Landbouwetenskap **Netbal:** TNC 0/17 & 0/18 Pretoria	26 **Netbal:** TNC 0/17 & 0/18 Pretoria	27 **Netbal:** Wintergames 0/14 TNC 0/17 & 0/18 Pretoria	28 **Winterskool:** Gr. 11 FW **Netbal:** TNC 0/17 & 0/18 Pretoria	29
30						

JULIE 2024

SONDAG	MAANDAG	DINSDAG	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SATERDAG
	1 **Winterskool:** Gr. 11 FW **Netbal:** Wintergames 0/14	2 **Winterskool:** Gr. 12 FW **Netbal:** Wintergames 0/14	3 **Winterskool:** Gr. 12 FW **Netbal:** Wintergames 0/14	4 **Netbal:** Wintergames 0/14	5 **Netbal: Netbal:** Wintergames 0/14 Collegiate Fees 0/17 & 0/19	6 **Netbal:** Collegiate Fees 0/17 & 0/19
7	8 **Hokkie/Rugby/Netbal:** Oefening (Gewone tye soos in Jaarbeplanner)	9 **Skole Open** Dag 3 DH: DEJ **Oueraand:** Skoolsaal/Kultuursaal Gr. 8 – 12 18:00 – 20:00				

BUNDLE UP WITH CRAZY WINTER SAVINGS!

THE CRAZY STORE
Hey, you never know what you might find!

KIDS PLUSH HOODIES
Kids size; Assorted
27999 each

ADULT PLUSH HOODIES
Adult size; Assorted
29999 each

BUNDLE UP WITH CRAZY WINTER SAVINGS!

Snuggly Bits™

THE CRAZY STORE
Hey, you never know what you might find!

SNUGGLY BITS FUNKY SOCKS
Assorted
5999 per pair